| 13 Maart | NG Gemeente Kogelberg | 2026 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 15 MAART 2026 SE EREDIENSTE:

| 08:00 | 09:00 | 10:00 |
|---|---|---|
| **Kuierkerk** | **Hangklipkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Ds Heinrich Carstens | Dr Stephan Naudé | Ds Heinrich Carstens |
| Joh 9:1-41 | Joh 9:1-31 | Joh 9:1-41 |

LIG | DEERNIS | HOOP







LIVE

Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai.

YouTube

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond




SnapScan

Gebruik gerus die **SnapScan-opsie** om jou offergawe te gee.






*Ons betuig ons innige simpatie en meegevoel met...*

Andries en Louise Truter (PM5) met die afsterwe van hul kleinseun.

## Gebedsgroep

Om in die huidige lands- en wêreldgebeure God te loof, is vir die menslike natuur 'n Godgrootte uitdaging. Om sulke tye saam met ander gelowiges in aanbidding te buig, is geloofsversterkend. Kom bid saam Di. om 16:30 in die Kapel, of sluit aan by die Whatsapp-groep van bidders. (078 102 0662)



# Program vir die week

## 15 - 22 Maart 2026

### Sondag 15 Maart

***17:00*** **Kogelberg Kids (Kerksaal)**

### Maandag 16 Maart

***09:30*** GriefShare Kursus (Elza Marais)

***11:30*** Preekwerksgroep (Kapel)

### Dinsdag 17 Maart

***09:30*** HK Gebedsgroep (Hangklipkerk)

***11:00*** Gerimed Biduur

***16:30*** KM Gebedsgroep (Kapel)

***17:00*** Finansies (TYD)

### Woensdag 18 Maart

***17:00*** HK Bybelskool (Hangklipkerk)

***18:00*** Rusplek (Kapel)

### Donderdag 19 Maart

***06:00*** HK Mannegroep (Hangklipkerk)

***06:30*** Kogelberg Mannegroep (TYD)

***09:00*** Caritas

***18:00*** DivorceCare Kursus (Elza Marais)

### Vrydag 20 Maart

***16:00*** *Kos- en Kuiermark (Kerksaal)*


**KERKKANTOOR** ure

*Maandag - Vrydag* 10:00 - 13:00

**KONTAK** besonderhede

028 271 3470 info@ngkogelberg.co.za

## NG KOGELBERG

# KOS-& KUIERMARK

**Kos, koffie, koek & musiek met 'n tradisionele kerkbasaargeur.**

vanaf **16:00**

## VRYDAG 20 MAART

**Pannekoek | Koektafel**
**Basaarpoeding | Teetuin**
**Lewerkoekies | Kerrie & Rys**
**Sosaties | Hamburgers**
**Jaffels | Kindertafel**

**NG Kerksaal**
**1ste Laan 36 Kleinmond**



**Kaartjies te koop vanaf 15:30**

# Spyskaart

Spyskaart

| | |
|---|---|
| Pannekoeke | R10 |
| Basaarpoeding | R20 |
| Kerrie & Rys | R45 |
| Sosatie, slaai & broodrolletjie | R50 |
| Hamburgers | R30 |
| Lewerkoekies | R15 |
| Jaffels (Hoender-mayo) | R30 |
| Sny koek (Teetuin) | R20 |
| Koektafel | R50-R150 |
| Koffie/ Tee/ Warm-sjokolade | R20 |
| Lekkergoed | R5-R20 |
| Boba-koeldrank | R20 |
| Water | R10 |
| Kindertafel | R5 |

# HOE WERK DIE KAARTJIES BY DIE *Kos-en Kuiermark?*

1. Koop kaartjies by die Kos- en Kuiermark by die kaartjietafel (kontant, kaart of SnapScan).

2. Jy kies self vir hoeveel rand jy kaartjies wil koop. ***Byvoorbeeld R60.***




3. ***Gebruik die kaartjie soos ’n beursie om by enige tafel of stalletjie iets te kan koop.***

4. Elke keer as jy iets koop, word die bedrag doodgetrek op jou kaartjie.
***Byvoorbeeld:***
***Jy koop 2 pannekoeke teen R10 elk. Jy betaal R20 – en jy het nog R40 oor op die kaartjie om elders te spandeer!***





# BELANGRIKE INLIGTING VIR DIE

# Kos-en Kuiermark

1. Kaartjies sal **vanaf 15:30** te koop wees by die ***Kaartjietafels***.

2. Basaar begin stiptelik om 16:00 - GEEN verkope sal voor 16:00 toegelaat word nie.

3. Geen kontant word by die stalletjies/ tafels aanvaar nie - slegs kaartjies.

4. Die Kos- en Kuiermark vind plaas by
**NG Kerksaal:**
**Eerste Laan 36 - Kleinmond**
**16:00**

## Nuwe Intrekkers

# Baie welkom!

*Bewys van lidmaatskap is ontvang van:*

*Sarel Jacobus Stephanus en Annelie Putter* ***van Vryheid (HK3)***

*Pierre du Plessis en Huibrecht Verster*
***van Berg-en-Dal (Bloemfontein)***

*Cornelius Johannes, Amoré Pretorius*
*en hulle seun Roedolf Johannes*
***van Lourensrivier-Strand (Sc2)***


*Mag julle geseënd en gelukkig wees in ons gemeente.*
*Mag julle voorwaar 'n geestelike tuiste hier by ons vind.*

# Neem kennis van die datums

*Ete vir Nuwe Intrekkers -* ***12 April***
*Funksie vir Bo-80's (Hangklip) -* ***16 April***
*Bid op die berg -* ***19 April***
*Funksie vir Bo-80's (Kleinmond)* ***- 8 Mei***
*Hangklip-Ontbyt deur die Manne -* ***9 Mei***

***Skakel gerus die Kerkkantoor met enige navrae.***

# Dissipelskapreis





**Die Dissipelskapreis is 'n uitnodiging en toerusting om in 'n lewende verhouding met God, ons Vader te leef.**

Die materiaal is nie bedoel om net nog 'n kursus te wees nie, maar eerder om mense te begelei daartoe om in 'n egte verhouding van navolging of dissipelskap met God te leef. Daarom spandeer ons elke week tyd om met hierdie materiaal by God stil te word en werklik te leer om te onderskei waarmee God besig is in ons lewens. As ons dit doen, kan ons ook leer om na die Vader te luister en te doen wat Hy van ons vra.

Die proses vra 'n definitiewe *commitment* rondom persoonlike voorbereiding en groepsteenwoordigheid, sodat die groep saam kan ontdek wat God aan elkeen wil openbaar.

Die Dissipelskapreis begin DV op **Woensdag 8 April 2026** van 17:00 - 18:00 by ***Hangklipkerk*** in Pillansiaweg, Bettysbaai of 18:00 - 19:00 by ***Kleinmondkerk*** in Vierdelaan, Kleinmond. Inskrywings kan nou reeds gedoen word deur die inskrywingsvorms te voltooi en by die kerkkantoor in te handig.
Beperkte plek beskikbaar.

Materiaal moet bestel word @ R200-00 per persoon voor 31 Maart.
Vir navrae kontak gerus vir ds Heinrich by 083 566 1490.




## Inskrywingsvorm - Dissipelskapreis

| | | |
|---|---|---|
| NAAM | | |
| VAN | | |
| SELFOON | | |
| MATERIAAL @ R200-00 | A5-formaat | E-publikasie |

## Onderneming

| | |
|---|---|
| Ek onderneem om getrou voor te berei vir die groepsessies, asook om nie sonder goeie rede van die groepsessies af weg te bly nie. | |
| | |
| Handtekening | Datum |

## Vir kantoorgebruik

| | |
|---|---|
| Betaling ontvang | |

# Jeugbediening









# Omgee-boetiek

Kerksaal
Eerste Laan

Maandae & Vrydae
10:00-12:00

Dit is redelik stil in die **Omgee-boetiek** – ek wil graag meer mense sien wat kom inloer en snuffel en deur iets te koop die fondse van ons Barmhartigheidsbediening ondersteun. Daarvoor benodig ons natuurlik ook voorraad – krap asb. in die kaste vir ongebruikte artikels: linne, gordyne, komberse, klere, juwele, kombuisware – enigiets is welkom. Wat ons nie self kan gebruik nie word versprei – ons kon in Februarie 'n paar sakke aflewer by 'n nagskuiling in Stellenbosch waar daar groot nood is.

*As u iets wil skenk en nie self op 'n Maandag of Vrydag kan kom nie, kom haal ons dit enige tyd. Kontak gerus vir Corrie by 0848775356.*





# Herdersbediening en die voltydse predikante

Ons is in gesprek met van ons lidmate wat afgetrede predikante is, oor hoe ons die **HERDERSBEDIENING** in die toekoms gaan hanteer. Daar is reeds van die *emeriti* wat aangedui het dat hulle steeds op hierdie manier diensbaar sal wees in die gemeente en sodra ons meer duidelikheid het oor die aantal emeriti wat beskikbaar is, sal ons 'n sinvolle indeling van die gemeente maak en dit kommunikeer.
Intussen besef ons dat daar by lidmate (ook wyksouderlinge en dienswerkers) dalk verwarring mag wees oor wie hulle kan kontak in verband met pastorale versorging.
Daarom wil ons graag vra dat julle vrymoedigheid sal neem om vir ds Heinrich Carstens (083 566 1490) of dr Stephan Naudé (063 580 1814) te kontak. Hieronder is weer die indeling van die gemeente se wyke vir die predikante se pastorale verantwoordelikheid. Jy kan natuurlik ook die kerkkantoor kontak wat die inligting sal deurgee na die predikante.

## KERKKANTOOR*ure*

| Maandag - Vrydag | 10:00 - 13:00 |
|---|---|

**KONTAKBESONDERHEDE**

Telefoon: 028 271 3470
E-pos: info@ngkogelberg.co.za
Whatsapp: 076 134 7157

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

Kerkkantoor

Skakel in by Kleinmondkerk in Vierde Laan met die twee kursusse wat oor 13 weke strek...

GriefShare® — Maandae om 09:30

DivorceCare® — Donderdae om 18:00

As deel van die rouberaad-ondersteuningsgroep bied Elza Marais die 2 kursusse aan. Vir meer inligting oor die twee kursusse, kontak gerus vir Elza by 082 706 2284.

Maandag & Donderdag

## Weeklikse Gebedsgroepe




## Mannebediening






# Induksieprogram groot sukses

Met die koms van 'n nuwe predikant, dr Stephan Naudé, het die Kerkraad besluit om gebruik te maak van die Wes-Kaap Sinode se inskakelingsprogram. Ds Bossie Muller, die predikant in Sinodale Diens vir Gemeentebegeleiding, was die afgelope Dinsdag (10 Maart 2026) hier om daaraan uitvoering te gee.

Van die oggend nege-uur af tot sesuur die middag is 'n volgepakte program gevolg, wat ingesluit het 'n persoonlike gesprek met Stephan, 'n gesprek met albei predikante en die personeel, 'n gesprek met die emeriti van die gemeente, 'n gesprek met die dagbestuur en laastens 'n gesprek met die Kerkraad.

Al hierdie gesprekke het in die TYD-kuierruimte by die Kleinmondkerk plaasgevind .

Ds Jannie Hougaard se foto's toon twee van die elemente van die program, naamlik die byeenkomste met die emeriti en die Kerkraad. By die laaste geleentheid is daar van die storiemuurtegniek gebruik gemaak om die gemeente se ontwikkeling, hoogtepunte en laagtepunte uit te lig. Daaruit het dit duidelik geblyk hoe God se Plan met ons gemeente werk en is almal geïnspireer vir die toekoms uiteen.











# Dit was sommer eersteklas!

Komplimente het ingestroom oor Hangklip se wegneem-braaihoenderetes wat verlede Vrydag aan die beurt gekom het. Geurig, smaaklik en lekker was die beskrywende woorde wat gebruik is. Vanjaar se nuwigheid, koringslaai, is as ‘n wenner beskryf.

Wyksraadvoorsitter Reinier Lombard het in sy boodskap op die Whatsapp-groep almal bedank wat gehelp het, met Marius en Charette Joubert wat voorgevat het.

Soos gebruiklik was Wolfgang Steinbach en Van As Jordaan die verwelkomingsgroep by die afhaalpunt by die Hangklipkerk en binne het Dirk Reitzema en JC Hanekom streng kontrole gehou oor hoeveel elkeen mag vat en of dit al betaal is.

By die trollie met die pakke kos, was die vroue wat vir die opdiening gesorg het en daar het di t ook gesellig gegaan. Onder andere was Elseline Rörich en Marietjie Reitzema daar.
Op die foto verskyn van links Charl en Jaco Dorfling, JC Hanekom, Charette Joubert en Dirk Reitzema.



# Kleinmond Vrouebybelstudie

## Maandag 16 Maart

15:00
**Sc1-4**
Christa Steenkamp
Vierde laan 29

## Dinsdag 17 Maart

10:15
Sb4
Kapel

15:00
**Sa3 & 4**
Joan Marnewick
1ste Laan 111

15:00
**KB6**
Fynbos Kuierkamer

15:00
**Bb4**
Bessie vd Walt
Tiendestraat 34

## Woensdag 18 Maart

10:00
**HK 3**
Leanda Miessner
Ursinialn 51

10:00
**Ba1-3**
Eunice de Villiers
Polka 5, 9de Laan

15:00
**KB5**
Beatrice Joubert
Boekenhoutlaan 11

## Donderdag 19 Maart

15:00
**PM1,2 & 4**
Magda Leibbrandt
John Daneelst. 27

# Hoe sal ons dan lewe?
# 2. Dra dit oor

## 1. Die hele wêreld moet weet

**1.1 Wat leer die Nuwe Testament** rakende die verkondiging van die Evangelie aan kinders?

**1.2 Lees Matteus 28:16-20**.Wat was Jesus se laaste opdrag aan die dissipels?

> 8Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. 19Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en 20leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

**1.3 Lees Matt 19:14** oor Jesus en die kindertjies. Wat sê hierdie gedeelte oor kinders in God se koninkryk?

> 4Maar Jesus het gesê: "Laat staan die kindertjies en moet hulle nie verhinder om na My toe te kom nie, want die koninkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle."

**1.4 Lees Han 16:-30-341**.Wat doen Paulus toe die bewaarder vra hoe hy gered kan word?

> 30Hy het hulle buitekant toe gevat en gevra: "Menere, wat moet ek doen om gered te word?" 31Hulle antwoord hom: "Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin." 32Hulle het toe die woord van die Here aan hom en aan al die mense in sy huis verkondig. 33Op daardie uur van die nag het hy vir Paulus en Silas geneem en hulle wonde gewas. Hy en al sy mense is daar en dan gedoop. 34Toe bring hy hulle na sy huis toe en sit vir hulle 'n ete voor. Hy en sy hele huisgesin was vol blydskap omdat hulle nou in God geglo het.

## 2. Moses se laaste taak

2.1 Wanneer die **boek Deuteronomium** begin, is Moses 119 jaar en 11 maande oud. Wat doen Moses aan die einde van sy lewe? Wat sien hy as sy finale taak ten opsigte van die Israeliete? Lees Deut 1:1
2.2 In Deut 1:6-Deut 3:29 gee Moses 'n **geskiedenisles**.
2.3 Lees Deut 4:6. Moses herhaal die **voorskrifte en bepalinge** wat reeds gegee is. Hy kyk ook vorentoe.

## 3. Onthou!

### 3.1 Wat wil hierdie teksverse vir ons sê?

Deut◦ 4:9 Pas net op en wees baie versigtig om so lank julle leef, nie hierdie dinge wat julle gesien het, te vergeet of te verontagsaam nie.
Deut◦ 4:20 Vir julle het die Here gevat en uit die ystersmeltoond, uit Egipte, uitgelei om sy volk te wees wat aan Hom behoort
Deut◦ 4:30 Wanneer julle in nood verkeer deurdat hierdie dinge in die toekoms oor julle kom, moet julle terugkom na die Here julle God, en sy woord gehoorsaam.
31Die Here julle God is 'n genadige God. Hy sal julle nie in die steek laat of om die lewe bring nie. Hy sal nie die verbond vergeet nie.

### 3.2 Wat beteken dit vir ons?

Watter dinge uit ons geskiedenis moet ons onthou? Wat is belangrik?

## 4. Dra dit oor!

### 4.1 Die opdrag

**Deut 6:4-9**

4 *Luister*, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. 5 Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag. 6 Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet *in jou gedagtes bly*. 7Jy moet dit *inskerp by jou kinders* en met hulle daaroor *praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan*. 8 Jy moet dit as *herinneringsteken* vasbind aan jou hande, en dit moet 'n merk op jou voorkop wees. 9 Skryf dit op jou *deurkosyne en op jou stadspoorte*.

**Deut◦ 6:20** Wanneer jou *seun jou in die toekoms vra*: Wat beteken die verordeninge en die voorskrifte en die bepalings wat die Here ons God vir u gegee het? 21moet jy hom *antwoord*: Ons was in Egipte die farao se slawe, en die Here het ons daar deur sy magtige dade bevry

**Deut 7:7** Die Here het jou nie liefgekry en gekies omdat jy groter was as die ander volke nie, *jy was die kleinste* van almal.
8 *Omdat die Here jou liefhet* en Hy sy belofte nakom wat Hy met 'n eed bekragtig het aan jou voorvaders, het Hy jou *deur sy groot krag* laat wegtrek en jou bevry uit die plek van slawerny, uit die mag van die farao, die koning van Egipte.
9 Weet dan nou: die Here jou God, Hy is God. Hy is die *betroubare God* wat sy verbond in stand hou en sy *troue liefde betoon* tot aan die duisendste geslag van hulle wat Hom liefhet en sy gebooie gehoorsaam

**Deut 8:2** Jy moet onthou hoe die Here jou God jou nou *veertig jaar lank in die woestyn* gelei het. Hy het dit gedoen om *jou nederig te laat word* en om jou op die *proef te stel sodat Hy kan weet wat jy dink en of jy sy gebooie sal gehoorsaam of nie.*
3Hy het jou laat swaarkry, laat honger ly en toe met manna gevoed, iets waarmee nóg jy nóg jou voorvaders bekend was. Hy het dit gedoen om jou te *leer dat 'n mens nie net van brood leef nie, maar dat hy leef van elke woord wat uit die mond van God kom*. 4Jou klere het in die veertig jaar nie verslyt nie, en jou voete het nie geswel nie.
5Jy moet diep in jou hart weet: *soos 'n man dissipline by sy seun kweek, so het die Here jou God vir jou dissipline geleer*.

**Deut 8:10** Telkens wanneer jy genoeg geëet het, moet jy die Here jou God *dank vir hierdie goeie* land wat Hy aan jou gegee het.

**Deut 11:2** Vandag weet julle hoe die Here julle onderrig het, want *julle, en nie julle kinders nie, het dit beleef en gesien*: sy grootheid, sy magtige dade, sy wonderdade, sy tekens

**Deut 11:26** Let op, *ek hou julle vandag die seën en die straf voor*: 27die seën sal kom as julle die gebooie van die Here julle God gehoorsaam, wat ek julle vandag gee; 28die straf sal kom as julle ongehoorsaam is aan die gebooie van die Here julle God en die pad verlaat wat ek julle vandag aangewys het

### 4.2 Hoe moet hulle dit oordra?

Kyk na al die opdragte hierbo en besluit saam watter wenke Moses vir die Israeliete gee. Hoe moet hulle die Here se voorskrifte oordra aan die volgende geslag?

### 4.3 Ons taak as grootouers

- Het ons nog 'n taak ten opsigte van ons kinders en kleinkinders?
- Dink jy dis belangrik om vir ons kleinkinders te leer om die Here se stem te hoor?
- Hoe kan ons dit prakties doen?
- Dink jy dit is belangrik dat hulle sien hoe jy die Here dien?
- Wanneer sien hulle hoe jy lewe? Watter invloed het dit op hulle?
- Hoe kan jy hulle betrek by jou lewe as gelowige?

## 5. Laat dit uitkring

5.1 **Lees Deut◦ 31:12-13, 19**

Moses kom aan die einde van sy lang toespraak. Hy eindig af met die volgende:

10. Aan die einde van elke sewende jaar, op die vasgestelde tyd, die jaar waarin julle skuld moet afskryf, op die huttefees, 11wanneer die *hele Israel in die teenwoordigheid van die Here julle God moet verskyn* op die plek wat Hy sal kies, moet julle hierdie *wet lees in die teenwoordigheid van die hele Israel* waar hulle dit kan hoor.
12Julle moet die volk bymekaarroep: *mans, vrouens en kinders, en ook die vreemdeling wat in julle stede by julle woon*, sodat hulle kan *luister* en die *wet kan leer*, sodat *hulle die Here julle God kan dien en gehoorsaam*, sodat hulle kan leef volgens alles wat in hierdie wet staan.
13 So sal hulle kinders wat nie hierdie wet ken nie, dit kan hoor en leer en sal hulle die Here julle God kan dien so lank as julle lewe in die land waarheen julle deur die Jordaan trek om dit in besit te gaan neem."
19 Teken hierdie lied vir julle op en leer dit vir die Israeliete.

5.2 Hoe moet die Israeliete al hierdie dinge laat uitkring in die hele volk?

# Wêreldbiddag vir Manne
# Saterdag 7 Maart



## Vir wie is die preek bedoel?

deur Jaco Thom

Twee manne het een Sondag kerk toe gegaan. Die een was Koos. Koos was 'n baie getroue lidmaat en 'n gereelde kerkganger. Sy plek was nooit leeg in die kerk nie. Hy het altyd in die tweede ry van voor gesit. Almal in die kerk het hom goed geken. Die ander een was die stinkryk ou Jan. Hy het nooit sy voet in die kerk gesit nie. Niemand het van hom gehou nie, want hy was 'n skelm sakeman wat mense gereeld ingeloop het en nogal danig daaroor kon spog ook.

Koos en ou Jan het dié dag toevallig gelyk by die kerk aangekom vir die diens. Toe Koos vir Jan sien, het hy sy kop geskud en gewonder wat die vent nou eintlik by die kerk kom maak. En hy was sommer omgekrap ook, want net die vorige week het ou Jan hom hoeka weer met 'n slenter gevang. En toe ou Jan vir Koos sien, het hy weggekoes en by die eerste die beste bank, heel agter in die kerk, in die hoek ingeskuif en kop onderstebo gaan sit, want hy het geweet Koos is vies vir hom.

Daardie Sondag het die dominee baie ernstig met die gemeente gepraat en gesê dat die mense hulle tot God moet bekeer en moet breek met hulle ou lewe en met hulle eiegeregtigheid. En almal in die kerk het in hulle gedagtes aan ou Jan gedink en hom veroordeel. En ou Jan het daar agter in die hoek gesit en sy kop in skaamte laat sak. Net ná die diens het hy vinnig uit die kerk geglip en eenkant gaan staan en wag tot al die mense weg is. Toe gaan sien hy die predikant. Hy het met diepe berou sy sonde voor die Here bely en kragdadig tot bekering gekom.

Koos het huis toe gegaan en tee gedrink, en toe bel hy die dominee. Hy het hom bedank vir die mooi en ernstige boodskap, en bygevoeg dat dit darem 'n goeie ding is dat ou Jan ook in die kerk was, want die hele tyd in die diens het hy gedink: nou sê die dominee die ou skelm darem lekker. Hy wou toe ook by die dominee weet of hy ou Jan spesiaal uitgenooi het na die diens, aangesien hy dan sy hele preek so op hom toegespits het. Hy sê hy wat 'n getroue kerkganger is en gereeld elke maand sy dankoffer vir die kerk gee, is so bly dat hy deur die genade van die Here nie so 'n slegte lewe lei soos ou Jan nie.

Toe antwoord die predikant: "Koos, ja, ek het nie ou Jan spesiaal kerk toe genooi nie. Hy het uit sy eie vandag kerk toe gekom. Om die waarheid te sê, ek het nie gedink dit is nodig om iemand te nooi nie, want die man vir wie ek die preek spesiaal gemaak het, is in elk geval elke Sondag in die kerk. Hy sit altyd in die tweede ry van voor af."

Jy kan hierdie verhaal gaan lees soos Jesus dit vertel het in Lukas 18:9-14.

***Vandag wil ons jou uitnooi om iewers in gebed voor God stil te raak en toe te laat dat die Heilige Gees jou opnuut bewusmaak van God se roeping vir jou as man, pa, oupa, broer en vriend. Bid dan ook saam met MANNE dwarsoor die wêreld dat God ons inderdaad sal toerus om as Sy verteenwoordigers in hierdie wêreld te leef.***

*Groete - Stephan en Heinrich*

# Veels Geluk...

## Saterdag 14 Maart

Franel de Jager 079 983 8605 (Sc3)
Tina Deacon 084 517 9652 (KB5)
Org Linde 083 799 4813 (KB2)
Annetjie Nel 083 264 0307 (Sa2)
Petra Potgieter 082 657 3789 (HK3)

## Sondag 15 Maart

Hennie de Bruin 082 801 3049 (Bb 4)
Annemieke de Lange 082 372 2624 (BB4)
Kayla Hyman 072 333 2804 (Bb1)
Gerrit Nieuwoudt 082 333 2211 (Sa4)
Marisa Oelofse 083 551 7824 (Sb4)
Anja Van Niekerk 083 518 7001 (BB3)

## Maandag 16 Maart

Fifty Carstens 082 907 1510 (Sa1)
Peter Dall 082 784 4326 (BB5)
Hannetjie Du Preez (Sc3)
Rinie Erasmus 072 251 2934 (KB1)
Pieter Jansen van Rensburg 082 340 4485 (PM2)
Brenda Neethling 082 832 4790 (Sc3)
Johan Nel 082 256 3444 (Bb4)

## Dinsdag 17 Maart

Nanine Behrens 082 908 6042 (PM3)
Jaco Bosman (Sa3)
Ronelle Hanekom 073 136 0337 (BB3)
Cathy Möller 082 543 8901 (BB6)
Hettie Rust (Sa1)
Chris Schutte 072 595 6753 (HK3)
Kirsten Small 079 296 2431 (HK3)

## Woensdag 18 Maart

Rieka de Wet 082 578 1319 (KP2)
Daleen Landman 082 319 1010 (Sb2)

## Donderdag 19 Maart

Marika Blignaut 076 109 8977 (Sb1)
Amanda Burger 079 751 2523 (Sa4)
Christoff Duvenage (Ba1b)
Chris Fick 079 611 6484 (PM3)
Jurita Saayman 082 895 1983 (Sc1)
Karin Steinbach 082 494 4981 (RE)
Marinda Steyn 082 927 8385 (BB6)
Jaretha van der Merwe 081 270 5774 (Ba1b)

## Vrydag 20 Maart

Cobus Conradie 082 974 4737 (Sc2)
Francois Cruywagen 076 779 1928 (KB1)
Suzanne Dorfling 084 250 2873 (BB3)
Armand Swanepoel (Sa2)
Kokkie van Staden 079 803 6278 (HK1)

# Om reg(tig) te kan sien...

Gespreksblad vir groepe oor Johannes 9:1-41



## GROEPGESPREKKE | 16-21 MAART 2026

**1. Gesels bietjie saam...**

- Het dit al ooit gebeur dat jy iets reg voor jou gehad het maar dit nie raakgesien het nie? Wat was dit?
- Vertel van 'n keer toe jy iets of iemand eers later regtig begin verstaan het.
- Wie in jou lewe het jou al gehelp om iets op 'n nuwe manier te sien?
- Wat beteken dit vir jou wanneer iemand sê: "Jy sien nie die groter prentjie nie."

**2. Ons storie nou...**

Lydenstyd is 'n tyd waarin ons eerlik na ons lewe kyk en vra waar ons fokus lê. Ons praat baie keer van sien, maar eintlik gaan dit eerder oor hoe ons dinge interpreteer. In vandag se teks sien verskillende mense dieselfde gebeurtenis, maar hulle verstaan dit heeltemal verskillend.

**3. God se storie...**

Lees Johannes 9:1-41 rustig ***vooraf*** deur en as die groep bymekaar is, vra dat iemand net weer die verhaal "***vertel***". Die teks is te lank om tydens die byeenkoms te lees... In hierdie verhaal sien ons drie hoofgroepe mense: die dissipels, die Fariseërs en die blindgebore man. Bespreek saam hoe elke groep na die situasie kyk.

1. Die dissipels - Vers 1–3

- Bespreek:
  - Wat was die dissipels se eerste vraag?
  - Wat sê dit vir ons oor hoe hulle na mense se lyding kyk?
  - Waarom is mense geneig om te vra: "Wie se skuld is dit?"
  - Herken jy hierdie soort denke vandag nog in mense – of selfs in jouself?
  - Wanneer jy iemand sien wat swaarkry, wat is gewoonlik jou eerste reaksie?

2. Die Fariseërs - Vers 13–34

- Bespreek:
  - Waaroor was die Fariseërs die meeste bekommerd?
  - Wat het hulle verhinder om God se werk raak te sien?
  - Hoe kan godsdienstige reëls of tradisies soms keer dat mense God se werk raaksien?
  - Het jy al 'n ervaring gehad waar God jou verras het op 'n manier wat jy nie verwag het nie?

3. Die blindgebore man... Kyk na die groei in sy geloof:
   - Vers 11 – "die man met die naam Jesus"
   - Vers 17 – "Hy is 'n profeet"
   - Vers 38 – "Ek glo, Here"

- Bespreek:
  - Wat sê hierdie verandering vir ons oor geloofsgroei?
  - Hoe het jou eie verstaan van Jesus oor tyd verander?
  - Wat help 'n mens om geestelik te groei?

Hierdie verhaal gaan nie net oor 'n wonderwerk nie. Dit wys vir ons hoe God werk. Jesus sê in vers 3: "Die werke van God moet in hom sigbaar word."

- Bespreek:
  - Wat leer hierdie verhaal ons oor God se hart vir mense in nood?
  - Waarom dink julle het Jesus tyd gemaak vir hierdie man, selfs toe Hy self onder druk was?
  - Wat beteken Jesus se woorde: "Solank dit dag is, moet ons die werk doen van Hom wat My gestuur het"?
  - Wat beteken dit om "die beste gebruik van elke geleentheid" te maak?
  - Watter geleenthede plaas God dalk reeds in ons pad wat ons nie altyd raaksien nie?

**4. Hoe die Bybel ons storie verander...**

- Jesus sluit die verhaal af met 'n baie sterk stelling: *"As julle blind was, sou julle nie skuldig gewees het nie; maar nou sê julle: 'Ons sien.' Daarom bly julle skuldig."* Die grootste gevaar is nie blindheid nie. Die grootste gevaar is om blind te wees en te dink jy sien.
- Bespreek:
  - Waarom is dit soms moeilik om te erken dat ons geestelik blind kan wees?
  - Hoe kan Jesus ons help om anders na mense te kyk?
  - Wie in ons samelewing word maklik misgekyk of afgeskryf?
    - Dink byvoorbeeld aan:
      - arm mense
      - verslaafdes
      - immigrante
      - mense met siektes
      - mense wat alleen is
- Hoe kan ons as groep leer om meer soos Jesus mense raak te sien?
  - Waar kan ek hierdie week meer bewus raak van mense rondom my?
  - Wie is iemand wat ek dalk oor die hoof sien?
  - Wat kan ek prakties doen om God se liefde aan daardie persoon te wys?

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir stil of hardop gebede.**

**Ons lees dié week uit die Woord...**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord en oordink dit hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:

- Maandag 16 Maart - Johannes 9:1-41
- Dinsdag 17 Maart - Psalm 130
- Woensdag 18 Maart - Esegiël 37:1-14
- Donderdag 19 Maart - Romeine 8:6-11
- Vrydag 20 Maart - Johannes 11:1-45
- Saterdag 21 Maart - Johannes 11:1-45